

# RIGLYNE VIR KEURING TOT DIE NAGRAADSE PROGRAMME AANGEBIED DEUR DIE DEPARTEMENT VEEKUNDIGE WETENSKAPPE

## Nagraadse Diploma in Veekunde of Akwakultuur

Die nagraadse diploma in Veekunde of Akwakultuur is ontwerp om die student se kennis in die dissiplines van Veekunde of Akwakultuur te versterk. 'n Hoë vlak van teoretiese betrokkenheid sal van studente vereis word om hul bekwaamheidsvlak te verhoog tot dié van 'n vier-jaar BScAgric graad (NKR-vlak 8). Daarbenewens sal studente bekend gestel word aan die beginsels van navorsingsmetodologie en die skryf van wetenskaplike artikels, met die verwante ontwikkeling van aanbieding vaardighede wat daarmee gepaardgaan.

### Toelatingsvereistes

Kandidate in besit van 'n toepaslike driejarige B-graad sal oorweeg word.

## Magisterprogram in Direreproduksiestelsels of Akwakultuur

Die magisterprogram in Direreproduksiestelsels lei tot die kwalifikasie MScAgric (Veekunde of Akwakultuur).

### Toelatingsvereistes

Belangstellende studente moet in besit wees van 'n 4-jarige BScAgric-graad, met 'n gemiddelde van minstens 60% vir die derde en vierde jaar modules. Die Departement behou die reg voor om voornemende studente aan 'n toelatingseksamen te onderwerp. Die Meestersprogram behels 'n navorsingskomponent van 100% (180 krediete), maar daar kan van studente verwag word om waar nodig, soos bepaal in oorleg met hulle studieleiers, om bykomende modules, insluitende Biometrie 711 (Nagraadse Biometrie), te volg.

Studente wat suksesvol die Nagraadse Diploma in Veekunde of Akwakultuur (met 'n gemiddelde van minstens 60%) voltooi het, kan aansoek doen vir toelating tot die M-program, onderhewig aan die finale goedkeuring van die Departement Veekundige Wetenskappe.

## Magisterprogram in Volhoubare Landbou

Die doel van die program is om navorsers in die begrip van en werk binne sfeer van volhoubare landbou op te lei deur die volg van 'n stelsel benadering, met Landbou as 'n vertrekpunt. Die program bestaan uit modules wat aktief ondersoek instel na werkswyses om wetenskaplike metodes van die verwante dissiplines te integreer om volhoubaarheid te verseker in omgewings waar Landbou met sosiale-, ekonomiese- en omgewingsfaktore in kontak kom. Die program skop af met 'n inleiding tot sistematiese denke, wat dan gevolg word deur onderrigkonsepte in sektorale volhoubare landbou, wat onder andere volhoubare diereproduksie, volhoubare plant produksie en lewensbestaan perspektiewe, insluit. Vir die skeep en integrasie van kennis in volhoubare landbou, word modules soos Stelselontleding en Simulasie, QUALUS (Kwantitatiewe Grondgebruik analise) en Biometrie gevolg om die student se kwantitatiewe en analitiese vaardighede te verbeter. 'n Werk-geïntegreerde leer geleentheid waar studente blootgestel word aan organisasies in die bedryf, sal die studente perspektief gee oor die werklike bedryfsomgewing en hulle dus meer toepaslik toerus vir aanstelling in die verwante omgewings.

### Toelatingsvereistes

Studente moet in die besit van 'n toepaslike 4-jarige BScAgric of 'n drie-jaar BSc-graad (NKR-vlak 7) en 'n toepaslike nagraadse kwalifikasie (bv. BScHons of 'n nagraadse diploma) in enige van die groot dissiplines verwant aan die landbou, wees. Vir beide grade moet die graad gemiddeld 60% en hoër wees. Engelse taalvaardigheid is 'n vereiste. Studente sal gevra word om 'n skriftelike motivering in te dien vir toelating tot die program.

## Doktorale program [PhD (Agric) in Direreproduksiestelsels]

Hierdie program in Direreproduksiestelsels lei tot die kwalifikasie PhD (Agric) (rigting Veekunde). Die program fokus sterk op navorsing en is daarop gemik om nuwe insigte en kennis te ontdek in die Direreproduksiestelsels program. Hierdie graad stel die student in staat om gevorderde navorsing in 'n spesifieke studieveld te voer, met raakvlakke in ander studieveld. Studente verkry 'n kwalifikasie wat hulle sal toelaat om as professionele mense wat, óf as 'n lid van 'n span of individueel, 'n betekenisvolle rol in die nasionale en internasionale navorsing, onderrig en beleidmaking ten opsigte van veeproduksiestelsels, te speel.

### Toelatingsvereistes

'n MScAgric in Veekunde of Akwakultuur.

## Doktorale program [DScAgric in Direreproduksiestelsels]

Die graad DScAgric kan toegeken word aan kandidate wat die PhD (Agric) van hierdie Universiteit of 'n ander kwalifikasie gehou het (in die oordeel van die Senaat) vir ten minste vyf jaar OF wat die MScAgric van hierdie Universiteit of 'n ander geskikte kwalifikasie (in die oordeel van die Senaat) vir minstens sewe jaar gehou het EN wat gevorderde oorspronklike navorsing en/of skeppende werk in die Landbouwetenskappe gedoen het en ook oorspronklike en reeds gepubliseerde artikels van 'n hoë standaard ingelewer het, wat daarop dui dat die kandidaat 'n wesenlike en hoogstaande bydrae tot die verryking van die kennis van die Landbouwetenskappe gelewer het. Indien die eksaminatore dit vereis, kan 'n mondelinge eksamen afgelê word tot die bevrediging van die Universiteit.